HOËRSKOOL

Garsfontein

BOU EN BEWAAR



"Dis 'n fees om 'n Garsie te wees!"

HOËRSKOOL Garsfontein

BOU EN BEWAAR

Inhoudsopgawe

(2) Garsie-Kultuur
(3) Garsie-Clicks
(4) Garsie-Dans-akademie
(5) Garsie-JIK
(6) Garsie-Koor
(7) Garsie-Redenaars
(8) Garsie-Toneel

Garsies-Kultuur

'n Wye verskeidenheid kultuur-aktiwiteite word by Hoërskool Garsfontein aangebied:

Redenaars: Kom sê jou sê in Afrikaans!

Public Speaking: Show us that you have the gift of the gab, and express yourself in English.

Koor: Het jy die stem van 'n engel? Word deel van 'n reusekoor wat harte betower.

Toneel: Droom jy van 'n rol in 7de Laan of dalk in Hollywood, is toneel die plek vir jou!

Musiekblyspel: 2009 High School Musical, 2010 Grease . . . die wêreld is ons verhoog!

Garsfontein Kunste- en Kultuurfees: Talle talentvolle Garsies kry tydens hierdie week 'n kans om hulle dans-, musiek-, sang- en dramavermoëns op die planke te bring. Ons kies jaarliks ons eie Garsie-idol.

Pretoria Eisteddfod: Ons skep die geleentheid vir almal wat graag voor ander mense optree en daarvan hou om mense te vermaak, om hulle slag tydens hierdie kompetisie te wys.

Nuustwak: Droom jy daarvan om jou woorde gepubliseer te sien? Ons skoolkoerant bied jou die kans.

Musiek-akademie: Vir die nootliefhebbers kan ons in die middae kitaar-, viool-, blokfluit- en sanglesse aanbied. Kontak Werner: 083 458 4743.

Afrikaans Ekspo: Dié kompetisie vind jaarliks plaas en bied aan almal wat lief is vir Afrikaans om hul kreatiwiteit uit te leef.

Fotografieklub: Vang die oomblik op film vas en stal jou unieke foto's op ons jaarlikse uitstallingsgeleentheid uit.

Kunsuitstalling: Werke van begaafde kunstenaars wat Ontwerp of Visuele Kuns as vak het, word jaarliks vir alle belangstellendes uitgestal.

Kultuurhoof: Con van den Berg 012 998 6096

Garsie-Clicks

Die Garsie-Clicks is 'n groep leerders wat in fotografie belangstel en deel wil word van 'n aktiewe span fotograwe. Die leerders ontvang opleiding deur 'n professionele fotograaf en woon kursusse by. 'n Passie vir fotografie, asook 'n sin vir verantwoordelikheid, word ontwikkel.

Die Garsie-Clicks neem foto's van alle skoolaktiwiteite. Hul word bespreek vir die onderskeie aktiwiteite, neem die foto's, verwerk die foto's en bring hierdie verwerkte foto's op 'n CD skool toe.

Die foto's vorm deel van 'n foto-databasis wat gebruik word vir media, skoolpublikasies, baniere, ens.

Die Garsie-Clicks hou ook foto-uitstallings van hul eie werk, luister na sprekers en gaan op uitstappies om hulself te verbeter.
Van die Garsie-Clicks werk in fotografiewinkels, is deel van foto-klubs, wen toekennings en bestudeer fotografie.

"Dis 'n fees om 'n Garsie te wees"
word voluit uitgeleef
deur die Garsie-Clicks.

Garsie-Dans-akademie

'n Kultuuraktiwiteit van formaat! Dit vereis passie, deursettingsvermoë en harde werk.

As jy 'n danstalent het, ritme kan hou en musiek die ritme van jou siel is, is hierdie net die aktwititeit vir jou!

Leef jou talent uit saam met 'n wonderilike groep dansers, gesonde kompetisie en genot.

Moenie die glans en pragtige dansuitrusting vergeet nie…

Dansstyle:
Grootliks "modern cheerleading" gekombineer met 'n tikkie gimnastiek, 'contemporary' en 'hip-hop'.

Kompetisies:
- SA-Danskampioenskap
- Artisticulta Dance Festival
- Tshwane Youth Arts Festival (optede in Staatsteater)
- Optredes by rugbywedstryde
- Alle bemarkingsgeleenthede
- Opedag, Kultuuraand en nog vele meer!

Oudisies:
Met die groot belangstelling elke jaar, is daar 'n jaarlikse oudisie. 'n Roetine word vir jou geleer en dan begin die uitdans vir die gesogte groep van 20-25 dansers! Kom probeer en dans jou hart uit.

Oefentye:
Die dans-akademie is 'n jaaraktiwiteit.
Oefensessies vind 2-3 keer 'n week plaas en duur ongeveer 1-2 uur.

Navrae:
Bestuurder, organiseerder en choreograaf: Me A du Toit
Sel: 072 546 4444

Onthou! Dans is die ritme en passie van jou siel!

JIK - Jesus is Koning
Deel van Hoërskool Garsfontein se missie is 'n verbintenis tot geestelike groei, en daarmee saam die uitleef van ons Christelike geloof en beginsels.

JIK, onder leiding van Coert Geldenhuys, ons jeugwerker, bied aan leerders die geleentheid om tussen vriende uiting te gee aan hul Christelike geloofsoortuigings en mekaar te ondersteun in hul daaglikse wandel met God.

Elke Woensdag tydens pouse vind die weeklikse JIK-byeenkoms in die saal plaas waar ons geestelik toegerus word deur middel van DVD's, gassprekers, "Praise & Worship", asook groepsgesprekke. Ons poog ook om sover moontlik die jeugleraars in die gemeenskap hierby te betrek.

Daar is Maandag- en Donderdagoggende tydens pouse 'n gebedsgeleentheid waar leerders die geleentheid kry om tot God te bid om Sy wil in ons lewens en in die skool te laat geskied.

Ons eie kitaarspelers lei elke Woensdag- en Vrydagoggend om 7:10 'n groep leerders in 'n "Praise & Worship'-aksie. Menige leerder erken dat die tydjie saam op die galery hul weer inspireer en krag gee vir die week.

Daar word ook op 'n gereelde basis JIK-aande gehou wat wissel van sosiale byeenkomste, soos 'n *marshmallow*-braai, tot bedieningsaande met 'bands' wat ons bedien met sang en musiek, en gassprekers wat ons met die Woord bedien en toerus.

Tydens die Julie-vakansie besoek 'n groep leerders ook die Drakensberge vir 'n avontuur- en spanbougeleentheid. Hierdie tyd gebruik ons om nie net die natuur te geniet nie, maar ook saam te sing en tyd met God te spandeer.

Die VCSV se Winklespruit-kampe in April en September is en bly 'n fees en etlike van ons leerders het dit al vir 'n tweede en derde keer bygewoon.

Ons *Ma's-wat-omgee* kom Dinsdagoggende om 7:15 bymekaar om vir ons skool te bid. Van ons ander ma's wat nie daar is nie, kry die gebedsversoeke per e-pos en bid op dié manier ook saam.

By JIK poog ons om elke leerder die geleentheid te bied om sy identiteit in Christus te vind, geestelik te groei, en die beeld van God uit te leef na die mense om hulle.

Garsie-Koor

Hoërskool Garsfontein se skoolkoor staan reeds vanaf 2004 onder die leiding van mnr. Con van den Berg. Die koor groei van 36 lede in 2003, tot 120 in 2009 (40 seuns en 80 meisies).

Prestasies waarop die koor baie trots is:

- ATKV Goud (2004 en 2009)
- ATKV Nasionale finale rondte
- 4de plek tydens die Internasionale Praagse Kersfees-koorkompetisie
- Distrikwenners van Tirisano (3 maal) en 2de plek in die provinsie
- Talle puik optredes tydens die Pretoria Eisteddfod, verower Goud in 2009
- Deelname aan talle prestige-koorfeeste
- Ons eie jaarlikse koorfees

Koorleier: Con van den Berg
Begeleidster: Mariana Nell

Maar wat se die lede van die koor?
Marchant: "Dis 'n avontuur en tonne fun…Meneer is chill!"

Casey-Jane: "Dis ontspannend en baie lekker …die groot groep vorm 'n great eenheid!"

Unice: "Dit rock! Ek kan hier myself wees!"

Suzanné: "Dis 'n lekker plek om vriende te maak!"

Dewald: "Ek geniet elke oomblik baie…veral die optredes!"

Annegreth - Koorhoofmeisie: "Ek sing al 5 jaar in die koor en dit is 5 van die beste jare van my lewe. Jy kan nie 'n fout maak om deel te word van die amazing koor nie!"

Francois - Koorhoofseun: "Die girls is cool… en die sing nog die coolste!"

Mnr van den Berg - Koorleier: "Kom join ons… hier kan jy jouself en jou talente vind! Ek sien uit daarna om die graad 8's van 2010 te ontmoet"

Garsie-Redenaars

Ons neem deel aan:

1. Interne redenaarskompetisie

2. Pretoria Redenaarsfees

3. ATKV Redenaars
- Wen in 2009
- Heinrich Wessels en JG Ehlers dring deur tot die halfeindfees en presteer puik

4. Van Huyssteen Prokureursfirma: Gr 11 Onvoorbereide Redenaars

5. Radikale Redenaarsfees
- Begin in die 3de kwartaal

Ons bied ook die Gauteng-Laerskooluitdunfees aan.

Die Garsies gee puik blootstelling aan ons skool se beste sprekers en skep geleenthede om ons minder ervare sprekers te ontwikkel tot ster-sprekers!

Garsie-Toneel

Ons glo daarin om Garsies gebalanseerde tieners te maak, deur hulle die lewe van toneelspel te laat ervaar. Om op die verhoog te verskyn in 'n rol wat verskil van jou eie persoonlikheid en dit oortuigend aan die gehoor oor te dra, leer jou nie net meer van verskillende karakters nie, maar ook meer van jou eie verhouding met mense om jou.

Die afgelope drie jaar presteer Garsie-toneel baie goed. Die stuk "Gee jou hart vir Sneeuwit" is in 2007 as die beste stuk in die ATKV-kompetisie in Noord-Wes aangewys. Uit die sowat twintig spelers het ses silwer- en bronssertifikate ontvang. ('n Silwersertifikaat van die ATKV is tussen 80% en 89% en is ook gelykstaande aan provinsiale kleure. Die groep het ook 'n silwersertifikaat ontvang vir Ensemble-spel.

In 2005 en 2006 het Garsie-toneel ook tot die finaal in die Gauteng Wes-reeks van die ATKV-kompetisie deurgedring.

In 2010 pak die groep die stuk: O,Hex! aan. Met die verhoogstuk gaan ons deelneem aan die Tshwane-toneelfees en die ATKV Tienertoneelkompetisie!

Kom ontdek jouself in die toneelwêreld. Of jy 'n dwergie, 'n voëltjie of 'n koning is, of selfs 'n kat, 'n kuiken of 'n prinses; daar is 'n rol vir elkeen wat belangstel.

Kom wees deel van die grootste Garsie-pret: Toneelspel!

"Dis 'n fees om 'n Garsie te wees!"

Posbus 90001, Garsfontein, 0042

Rolinastraat, Garsfontein, 0042

Tel 012 998 6096/8200 Fax 012 998 6095

E-pos garsies@garsies.co.za Webwerf www.garsies.co.za